

DISSIPELSKAP. LES 10

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	DEEL (20 minute) [STILTETYE] JOHANNES 4:23 – 7:52
---	--

Maak beurte en **deel/vertel kortliks** (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Johannes 4:23 – 7:52). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie **Groepleier**. Bid en dra die groep en hierdie dissipelmakingskursus aan die HERE op.

3	MEMORISERING (20 minute) [VERSEKERINGS] VERSEKERING VAN GOD SE LEIDING. SPREUKE 3:5-6
---	--

A. MOTIVERING (vir memorisasie)

Lees Deuteronomium 6:4-9.

Ontdek en bespreek. Hoekom is dit belangrik om Bybelverse (of Bybelgedeeltes) te memoriseer?

Notas. Gememoriseerde Bybelverse sal jou in staat stel om Bybelse oortuigings en gewoontes in jou gesin te bou.

B. MEDITASIE (van 'n Bybelgedeelte)

(5)	<table border="1"><tr><td>Versekering van God se leiding Spreuke 3:5-6</td></tr><tr><td>Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. Spreuke 3:5-6</td></tr></table>	Versekering van God se leiding Spreuke 3:5-6	Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. Spreuke 3:5-6	<table border="1"><tr><td>Spreuke 3:5-6</td></tr></table>	Spreuke 3:5-6
Versekering van God se leiding Spreuke 3:5-6					
Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. Spreuke 3:5-6					
Spreuke 3:5-6					

1. Vertrou God volkome.

Om God te vertrou beteken om Hom die vaste fondament te maak van jou lewe of om jou hele lewe aan sy sorg toe te vertrou. Dis om op God alleen staat te maak om jou te red, jou op te bou en jou te lei. Dis om te reageer op sy Woord!

Dis onmoontlik om 'n stewige gebou op 'n halwe fondament te bou. Netso is dit ook nie moontlik om 'n sterk Christelike lewe op 'n halfhartige vertroue op God of op 'n halwe Bybel (beperkte Bybelse begrippe) te bou nie. Dis nie moontlik om God met 'n halwe hart te vertrou nie. Ons moet deurentyd weier om op menslike begrippe van dinge te vertrou en onself verbind om op God se begrippe van dinge te leun. Oefen om die dinge op aarde van God se kant af, vanuit die hemel, te beskou (vgl. Psalm 73:16-17).

2. Erken God in al jou weë.

Hoe kan ons God prakties ken in alles wat ons doen?

- Deur nie skaam te wees om 'n Christen te wees of om dinge op 'n Christelike manier te doen nie (Matteus 10:32-33).
- Deur die Bybel te bestudeer oor enige belangrike saak voordat ons optree (Handelinge 17:11).
- Deur te bid voordat ons praat of handel (Nehemia 1:11).
- Deur daarna te streef om God, in alles wat ons doen, te verheerlik (1 Korintiërs 10:31).

3. God maak ons paaië gelyk.

Soms laat God toe dat ons planne slaag (sukses behaal) (Spreuke 16:3)

Soms laat God toe dat ons vyande in vrede met ons lewe (Spreuke 16:7).

Soms maak God geslote deure en geslote harte oop (Kolossense 4:2-4).

C. MEMORISERING EN HERSIENING

1. Skryf die Bybelvers op 'n skoon kaartjie of op 'n bladsy van jou klein notaboekie.
2. Memoriseer die Bybelvers op die regte manier. (5) Versekering van God se leiding: Spreuke 3:5-6.
3. Repeteer. Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se memorisering van die laaste Bybelvers na.

4	BYBELSTUDIE (70 minute)	[LEWENSVRAE] WAARHEEN IS EK OP PAD? OPENBARING 21:1 – 22:6
---	-------------------------	---

Onderrig. Die Openbaringboek is 'n onthulling van die boodskap van Jesus Christus deur middel van visioene wat simbole en nommers bevat. Jesus Christus Self gee vir ons die sleutels om die boek Openbaring te kan interpreteer. Hy bepaal dus ook die reëls waarvolgens die boek verduidelik moet word.

A. AGT SLEUTELS OF REËLS VIR DIE INTERPRETASIE VAN OPENBARING

Eerste sleutel. Die boek is 'n profesie: die proklamasie van Jesus Christus.

Lees Openbaring 22:6; 19:10. Die juiste vertaling van Openbaring 19:10 is: “Die getuienis van Jesus is naamlik die gees (essensie, wese, die werklike betekenis en inhoud) van profesie (van die verkondiging)” (vgl. die Nederlandse en Engelse Bybelvertalings). ‘Die getuienis van Jesus’ beteken dat Jesus gelyktydig *die Bron van inspirasie* en *die geïnspireerde inhoud van die Bybel* is! Hy is die Bron van inspirasie van die profete van die Ou-Testamentiese periode en die bron van inspirasie van die apostels van die Nuwe-Testamentiese periode. Die apostel Petrus het gesê dat die Gees van Jesus Christus die profete van die Ou-Testamentiese periode geïnspireer het om die Ou Testament te skryf (1 Petrus 1:10-12). En Jesus Christus het gesê dat die Heilige Gees die apostels van die Nuwe-Testamentiese periode geïnspireer het om die Nuwe Testament te skryf (Johannes 16:13-15). ‘Die geestelike’ of ware betekenis van die verkondiging (profesie) is dít wat die Gees van Jesus Christus in die Ou Testament geleer het en wat Jesus Christus Self in die Nuwe Testament geleer en gedoen het (Matteus 5:17; Johannes 3:11-13; Johannes 5:39; Johannes 8:18-19,24, 31-32,51,58)! Anders gestel: *die genadegawe (Grieks: charisma) van profesie* is om te verkondig wat Jesus Christus van Homself geopenbaar het, sy woorde en sy daede wat in die Bybel opgeteken staan.¹

Dus, die Here Jesus Christus is die enigste Middelaar van alle openbarings in die Bybel, en óók van die openbarings in die boek met dieselfde naam. “Wat hier volg is deur Jesus Christus geopenbaar” (Openbaring 1:1). Die Here Jesus Christus is “die Here God, wat sy Gees aan die profete gegee het” (Openbaring 22:6). Die nadruk is op die feit dat Jesus Christus die God is wat deur die Ou-Testamentiese profete gepraat het en die God is van wie hulle gepraat het (vgl. Jesaja 40:3 ‘HERE’ (Hebreeus: JaHWeH) met Markus 1:3 ‘Here’ (Grieks kurios).

Die Outeur en van die Ou Testament en die Nuwe Testament is Niemand minder as die Gees van Jesus Christus (1 Petrus 1:9-12; 2 Timoteus 3:16). Die nadruk van Openbaring 19:10 is die volgende: Alles wat Jesus Christus in die Ou Testament (deur sy Gees in die profete) en in die Nuwe Testament (deur sy Gees in die apostels) sê, die werklike en essensiële inhoud van alle Bybelse profesie is! Alles wat Jesus Christus bv. sê oor God, oor Homself as die komende Messias, oor Israel in die Ou Testament, oor die voortsetting en uitbreiding van Israel sodat dit die gelowiges uit alle volke in die wêreld insluit (Genesis 22:18; Matteus 28:19), d.w.s. oor die wêreldwye Kerk en oor die Koninkryk van God, is ‘die ware geestelike boodskap of dieper betekenis en inhoud’ van Bybelse profesie (Openbaring 19:10)!

‘Om te profeteer’ (Hebreeus: profémi) beteken letterlik om ‘uit te spreek’, ‘aan te kondig’, ‘te proklameer’, ‘te verkondig’ of ‘te preek’. Die Ou Testament waarsku teen sogenaamde profete wat visioene oordra wat afkomstig was van hulle eie gedagtes en nie uit die mond van God nie (Jeremia 23:16-32)! “Elkeen maak sy eie woorde tot uitspraak van die Here” (Jeremia 23:33-40). Ook die Nuwe Testament waarsku teen die koms van baie valse profete (Matteus 24:24).

Ware profesie proklameer Jesus Christus en die inhoud van die Nuwe Testament! Dít is wat Christene moet verkondig! Christene moenie verder probeer gaan as wat in die Bybel geskryf is nie (1 Korintiërs 4:6; vgl. Openbaring 22:18-19)! Bybelse profesie maak daarom nie arbitrêre (willekeurige) voorspellings omtrent die toekoms van mense en volke (bv. Israel en die heidene) nie, maar proklameer (verkondig) Jesus Christus en sy boodskap! Die ware inhoud van die Ou Testamentiese profete is geopenbaar in die getuienis van Jesus Christus in die Nuwe Testament! Wie Jesus Christus ook al is, wat Hy gesê het en gedoen het, is die vervulling van Ou Testamentiese profesie (Matteus 5:17)! Alles wat Jesus Christus geopenbaar, geleer en beveel het en wat nou in die Nuwe Testament opgeteken staan, is wat die Ou-Testamentiese profete bedoel het om in hulle skaduagtige en voorbereidende proklamasies (boodsappe) te sê (Matteus 5:17; Handeling 3:18; Kolossense 2:17; Hebreërs 8:6; 10:1; 1 Petrus 1:10-12).

¹ Woordeboek: Bauer, Arndt, Gingrich p.730. ‘Bybelse profesie’ is daarom nie om willekeurige voorspellings oor ander mense te maak nie, maar om Jesus Christus en Hom as die gekruisigde te verkondig (1 Korintiërs 2:2; vgl.4:6)!

Dis waarom die boek Openbaring alleenlik verklaar (geïnterpreteer) moet word in die lig van die Bybel self. En dis waarom die Ou Testament geïnterpreteer moet word in die lig van die Nuwe Testament!

Tweede sleutel. Die boodskap van die boek is bedoel om elke leser van die boek te seën.

Lees Openbaring 1:3. Die boek Openbaring is nie bedoel om die mense bevrees te maak nie. Jesus belowe: “Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie (verkondiging) lees, en die mense wat dit hoor en ter harte neem wat daarin geskrywe staan” (Openbaring 1:3; 22:7). Die boodskap van die boek gaan daaroor dat Christus die Oorwinnaar is en dat Christene, saam met Christus, meer as oorwinnaars is (Openbaring 17:14; Romeine 8:37-39)! Die boodskap is bedoel om Christene aan te spoor om die goeie stryd van die geloof in hulle eie generasie te stry. Dit openbaar ook die finale oorwinning van Christus en van dié wat in Christus glo. Dit openbaar ook die vestiging van die finale fase van sy koninkryk, naamlik die nuwe aarde. Die boek is dus bedoel as ’n seën vir elke leser of voorleser!

Derde sleutel. Die boodskap van die boek is gerig aan lesers vanaf die eerste koms van Christus tot by sy wederkoms.

Lees Openbaring 1:1,3; 22:6,10. Toe Jesus met die apostel Johannes gepraat het, het Hy gesê, “..die openbaring oor wat binnekort moet gebeur.” “Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby” (Openbaring 1:1,3; 22:6,10). Dit beteken dat wat in die visioene in hierdie boek geopenbaar is, begin gebeur het onmiddellik na Christus se eerste koms. Die boodskap van Openbaring raak die hele huidige Nuwe-Testamentiese periode van Christus se eerste koms af tot by Christus se wederkoms. Die boodskap van hierdie boek (Openbaring) is ’n boodskap vir alle Christene van alle geslagte!

Vierde sleutel. Die simbole in die boek verteenwoordig letterlike werklikhede wat veel groter is as die letterlike betekenis van die simbole.

Lees Openbaring 1:1,20; 5:6. Jesus het gesê dat Hy sy boodskap *bekend gemaak het* (Openbaring 1:1). Die woord vir ‘bekendmaak’ (Grieks: sémainó)² beteken *om bekend te maak deur middel van tekens en simbole, figuurlike taal of beeldspraak!* Dis hoekom ons so baie simbole en getalle in die boek Openbaring vind. Daarom is dit belangrik dat ons sal verstaan waarna die simbole en getalle verwys.

In Openbaring 1:12-13,16 word ’n beeld geskep van ’n man wat tussen sewe goue staanlampe staan en sewe sterre in sy regterhand vashou. In Openbaring 1:20 verduidelik Jesus Self hierdie simbole. Die staanlampe is nie letterlike staanlampe nie, maar verteenwoordig sewe gemeentes (kerke). Die sewe sterre is ook nie letterlike sterre nie, maar verteenwoordig die engele of verteenwoordigers van die sewe gemeentes. En ’n verdere voorbeeld, in Openbaring 5:6 is “’n Lam wat geslag was,” ’n simbool van Jesus Christus wat gesterf het aan die kruis en opgewek is.

Vyfde sleutel. Die getalle in die boek het ook simboliese betekenis en verteenwoordig letterlike werklikhede wat veel groter is as die letterlike numeriese waarde van die getalle.

Lees Openbaring 5:6; 2:7.

- Die getal ‘sewe’ is ’n heilige getal en verteenwoordig ‘goddelike volmaaktheid’. Genesis 2:1 sê dat God sy skeppingswerk voltooi het in sewe dae. Die getal simboliseer goddelike volmaaktheid in die skepping.
- Openbaring 5:6 sê dat die Lam wat geslag was “sewe horings en sewe oë gehad het.” ‘Horings’ stamp uit die pad (Esegïël 34:21; Daniël 7:8) en verstrooi (Sagaria 1:21). ‘Die sewe horings’ is ’n simbool van Christus se almag.
- “Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is”. ‘Die sewe oë’ is ’n simbool van Christus se alwetendheid in die wêreld deur sy Heilige Gees.
- In Openbaring 2:7 verteenwoordig die sewe staanlampe die sewe historiese gemeentes in Klein Asië, wat weer op hulle beurt al die gemeentes in die wêreld deur die hele verlossingsgeskiedenis verteenwoordig. “Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes (meervoud) sê.”
- ‘Die sewe briewe’ in Openbaring 2 en 3 aan hierdie gemeentes verteenwoordig Christus se volmaakte persoonlike geskrewe boodskap aan al die gemeentes in die wêreld onder al die omstandighede deur die geskiedenis heen.

Sesde sleutel. Die hele boek is verdeel in sewe parallelle gedeeltes en elke deel verteenwoordig die hele Nuwe Testamentiese periode.

Lees Openbaring 12:5; 14:14-16. Net soos die vier evangelies parallelle weergawes is van die lewe, werk, dood en opstanding van Jesus Christus, so verteenwoordig elkeen van die *sewe dele van die boek Openbaring* die hele Nuwe-Testamentiese periode vanaf Christus se eerste koms tot by sy wederkoms, waarin elke deel dit van verskillende kante af belig word, byvoorbeeld:

- Deel 1 (hoofstukke 1 tot 3) *begin* met die dood, opstanding en troonsbestyging van Jesus Christus by sy eerste koms (Openbaring 1:5) en *eindig* met die realisering van die beloftes aan diegene wat by sy wederkoms oorwin het

² Grieks is die oorspronklike taal van die Nuwe Testament

(Openbaring 2:7; 3:12). Hierdie deel beeld die vestiging van die Strydende Kerk gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode uit.

- Deel 2 (hoofstukke 4 tot 7) *begin* met Christus se eerste koms waar Christus die gesag ontvang het om die groot gebeurte in die verlossingsgeskiedenis te openbaar en uit te voer (Openbaring 5:1-10) en dit *eindig* met Christus se wederkoms wanneer Hy vir die finale oordeel kom (Openbaring 6:12-17). Hierdie deel beeld die vervolging van die Kerk deur die wêreld gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode uit.
- Deel 4 (hoofstukke 12 tot 14) *begin* met Christus se eerste koms, sy geboorte en hemelvaart (Openbaring 12:5) en *eindig* met Christus se wederkoms wanneer Hy kom vir die oes van die regverdiges en onregverdiges op die laaste oordeelsdag (Openbaring 14:14-20). Hierdie deel beeld die oorwinning van Christus en sy Kerk oor die draak en sy helpers uit.

Let ook op dat die een en enigste 'oorlog' (die finale slag) beskryf word in Deel 3 (Openbaring 11:7), in Deel 4 (Openbaring 13:7), in Deel 5 (Openbaring 16:12-16), in Deel 6 (Openbaring 19:17-19) en in Deel 7 (Openbaring 20:7-9)!

Sewende sleutel. Die sewe dele van die boek is gerangskik in 'n stygende lyn tot 'n hoogtepunt.

Lees Openbaring 2:27; 6:12-17; 16:17-21; 20:11-15. Alhoewel die sewe dele van die boek Openbaring *parallel* loop en die hele periode tussen Christus se eerste koms en sy wederkoms oorspan, is daar tog 'n toenemende nadruk op die gebeurte wat die wederkoms van Christus voorafgaan, bv.:

- Daar is toenemende nadruk op *die finale oordeelsdag*. Deel 1 kondig die finale oordeelsdag aan (2:27), deel 2 (6:12-17) en 3 (11:18) lei die finale oordeelsdag in, deel 4 (14:14-20), 5 (16:17-21) en 6 (18:1-24) beskryf die finale oordeelsdag met simbole en deel 7 (20:11-15) beskryf die finale oordeelsdag terwyl meeste van die simboliese taal nie meer gebruik word nie.
- Daar is ook 'n toenemende nadruk op *die volmaakte finale toestand van die Kerk* (3:12-13; 7:9-17; 11:15; 14:1-5; 15:2-4; 19:1-10; 21:1 to 22:5).
- *Die boodskap van elkeen van die Sewe Dele* van die boek Openbaring is ook gerangskik in 'n stygende lyn.

Agtste sleutel. Openbaring 21:1 tot 22:5 openbaar die ideale werklikheid van die Kerk op die teenwoordige aarde vóór Christus se wederkoms, in die lig van die volmaakte werklikheid van die Kerk op die nuwe aarde ná Christus se wederkoms.

Lees Openbaring 21:2. 'Die Nuwe Jerusalem' simboliseer al God se mense in die hemel en op die aarde in die huidige bedeling vóór die wederkoms van Christus (Galasiërs 4:24-26; Hebreërs 12:22-24).

Die gebruik van *die onvoltooid teenwoordige tyd* in sommige werkwoorde (in die Griekse teks) in Openbaring 21:1 – 22:6 beteken dat die volgende handeling nou plaasvind:

- Die see ('n simbool vir die volke op die aarde wat woens te keer gaan)(Jesaja 8:7; 17:12-13; Openbaring 17:15) is *nou alreeds besig om* op te hou bestaan en sal vanaf die wederkoms van Christus nie meer op die nuwe aarde aanwesig wees nie.
- Die Nuwe Jerusalem *is nou alreeds besig om* vanuit die hemel neer te daal (af te kom)(vgl. Galasiërs 4:25-26; Hebreërs 11:10-16; 12:22-24; Openbaring 21:1-2,9-10) en sal uiteindelik op die nuwe aarde tot rus kom (Openbaring 3:12). Dis 'n beeld van die wêreldwye Kerk of Koninkryk wat vanaf die wederkoms van Christus met Christus op die nuwe aarde sal woon.
- Christus is *nou alreeds besig om* alles nuut te maak (Openbaring 21:5). Vanaf die wederkoms van Christus is alles volkome nuut.
- Christene is *nou alreeds besig om* te oorwin (Openbaring 21:2,5,7). Vanaf die wederkoms van Christus is alle Christene oorwinnaars (Openbaring 7:9; 14:1).

'Die Nuwe Jerusalem' is dus:

- 'n simbool van die ideale werklikheid van God se volk op die teenwoordige aarde vóór die wederkoms van Christus (Openbaring 21:2)
 - en tegelyk 'n simbool van die volmaakte werklikheid van God se volk op die nuwe aarde ná die wederkoms van Christus (Openbaring 21:9-10).
-

B. DIE BYBELSTUDIE.

Gebruik die vyf stappe Bybelstudiemetode om Openbaring 21:1 tot 22:6 saam te bestudeer.

STAP 1. LEES.

GOD SE WOORD

Lees. KOM ONS LEES Openbaring 21:1 - 22:6 saam.

Lees elkeen een vers totdat die hele gedeelte klaar gelees is.

STAP 2. ONTDEK.

WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK?

Of WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK JOU GEDAGTES OF JOU HART?

Teken aan. Ontdek een of twee waarhede wat jy verstaan. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou notaboek.

Deel. (Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en te skryf, laat almal deel wat hulle ontdek het). Kom ons gee elkeen 'n kans om met die ander te deel.

(Die volgende is voorbeelde van ontdekkinge wat mense deel. Onthou dat elke kleingroep se lede dinge sal deel wat nie noodwendig dieselfde gaan wees as wat hier volg nie)

21:3-4

Ontdekking 1. Die toekomstige verhouding met God.

Voor Christus se wederkoms

Voor die wederkoms van Christus is 'die hemel' die woning van God en 'die aarde' die woning van mense. Alhoewel God oral geestelik benaderbaar is, bly God as Gees onsigbaar!

Na Christus se wederkoms

By die wederkoms van Christus sal God sigbaar te midde van sy volk op die nuwe aarde kom woon! By die eerste koms van Christus het God Homself sigbaar in Jesus Christus geopenbaar. Vanaf die wederkoms van Christus sal die volk van God (die Wêreldwye Kerk of Nuwe Jerusalem) Jesus Christus met hulle eie oë sien (1 Johannes 3:1-3). Op die nuwe aarde sal die verhouding met God die heel belangrikste saak wees! Die verhouding met God sal baie persoonlik en vertroulik wees. Hy sal elke traan van ons oë afvee. Hy sal elke vroeëre wond genees en elke herinnering aan sonde en lyding van hierdie huidige aarde verwyder. Daar sal nie meer pyn, lyding of dood meer wees nie. Ek sal die volheid van die nuwe en ewige lewe ervaar. Bo alles sal ek sy aangesig sien.

22:3-5

Ontdekking 2. Die toekomstige take vir God.

Op die nuwe aarde sal die volk van God alleen besig wees met betekenisvolle aktiwiteite. Hulle gaan nie alleen 'n nuwe Paradys (tuin), maar ook 'n nuwe aarde. Hulle gaan God op die nuwe aarde dien en oor die nuwe aarde heers. 'Ewige lewe' is nie 'n ewige niks-doen nie, maar in alle ewigheid sinvol besig wees! Saam met al die gelowiges in Jesus Christus sal ons die koninkryk van God erf, maar nou in die finale vorm, naamlik die nuwe hemel op die nuwe aarde. Ons sal saam met God in sy koninkryk oor die nuwe aarde regeer. Ons sal die prag, heerlikheid en eer van elke nasie waarvandaan ons kom, inbring in sy koninkryk in sy finale fase.

STAP 3. VRA.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG OOR ENIGIETS IN HIERDIE GEDEELTE SOU JY VIR DIE GROEP WOU VRA?

Kom ons probeer al die waarhede in Openbaring 21:1 - 22:6 verstaan en vra vrae oor die dinge wat ons nog nie verstaan nie.

Teken aan. Formuleer jou vraag so duidelik as moontlik. Skryf dan jou vraag in jou notaboek.

Deel. (Ná die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat elke persoon eers sy vraag deel.)

Bespreek. (Kies dan 'n paar van die vrae en probeer om hulle te beantwoord, deur hulle saam in die groep te bespreek.)

(Die volgende is voorbeelde van vrae wat studente mag vra en sommige van die notas oor die bespreking van die vrae.)

21:1

Vraag 1. Waar sal Christene na die wederkoms woon? In die hemel of op die aarde?

Aantekeninge.

Voor Christus se wederkoms

Die geeste van al die gelowiges wat liggaamlik gesterf het gaan hemel toe, die plek waar God woon (2 Samuel 12:23; Prediker 12:7; Lukas 16:22; 2 Korintiërs 5:1; Filippense 1:23; Openbaring 20:4). 'Hemel' word dan simbolies 'paradys' genoem (Lukas 23:43; 2 Korintiërs 12:3-4; Openbaring 2:7).

Na Christus se wederkoms

Die uiteindelijke bestemming van die Christene is nie 'die paradys' nie. Die populêre siening dat die paradys 'n plek van genot is, is nie korrek nie. Die uiteindelijke bestemming van Christene sal *veel meer wees* as die Paradys!

Die ou paradys op aarde was maar 'n klein tuin met vrugtebome iewers in die Midde Ooste, maar die nuwe aarde sal 'n totaal nuwe aarde wees wat nuutgemaak is (Romeine 4:13; 8:19-21)! In die ou paradys kon Satan inkom, die mense kon sondig en kon sterf: geestelik, fisies en ewig! Maar die nuwe aarde sal die tuiste wees van die regverdiges en niks onrein sal daar inkom nie (2 Petrus 3:13; Openbaring 21:27)! Op die nuwe aarde sal Satan, sonde en dood nie meer teenwoordig wees nie (Openbaring 21:4)!

Op die laaste oordeeldag sal die engele van Christus al die onkruid, al wat sonde veroorsaak en almal wat die kwaad doen, uit sy koninkryk verwyder (Matteus 13:41). Elke ding en elkeen wat sondig is op aarde sal bloot gelê word en deur vuur vernietig word. Die ou heelal, hemel en aarde, sal vernuwe word tot die nuwe hemel en nuwe aarde (2 Petrus 3:10-13).

21:1

Vraag 2. Hoekom sal daar nie meer 'n see op die nuwe aarde wees nie?

Aantekeninge.

Voor Christus se wederkoms

'Die see' is die simbool van die beroering, onrus, raserny en konflik van die goddelose nasies (Jesaja 8:7; Jesaja 17:12). Dis 'n voorstelling van die bese chaotiese magte wat die lewe bedreig. Dit staan vir die lande, volke en nasies wat 'die bees wat uit die see opkom' (die Antichris, Openbaring 13:1; vgl. Daniël 7:2-7) en 'die groot prostituut wat woon op die waters' (Babilon, Openbaring 17:15) aanbid en dien.

Na Christus se wederkoms

Daar sal nie meer enige 'see' wees nie. Dit beteken nie dat daar nie meer langer oseane of water op die nuwe aarde sal wees nie, maar daar sal nie meer enige goddelose en antichristelike land, volk of nasie, of enige bese en chaotiese magte op die nuwe aarde wees nie! Daar sal nie meer oorlog wees nie! Net vrede soos wat God dit alleen kan gee!

21:2,9-11

Vraag 3. Waarvoor staan die Heilige Stad, die Nuwe Jerusalem, wat uit die hemel kom?

Aantekeninge.

(1) Babilon en Jerusalem

Die stad Babilon is simbool van die ongelowige en onheilige mense en die ou orde op die aarde (Openbaring 17:1-2,5,18), en 'die heilige stad, die Nuwe Jerusalem', is weer 'n simbool van God se gelowige en heilige mense en die nuwe orde (Hebreërs 11:9-10,13-16).

(2) Die Hemelse Jerusalem en die Nuwe Jerusalem

Beide stede, die Hemelse Jerusalem en die Nuwe Jerusalem, is nie letterlike stede nie, maar simbole van die gemeenskap van gelowiges met die God van die Bybel (die Kerk/Gemeente). Na die laaste oordeel in die lug, gaan die Hemelse Jerusalem (Christus en die Kerk wat bestaan uit alle gelowiges in Christus uit beide die Ou-Testamentiese periode en die Nuwe-Testamentiese periode) neerdaal op die nuwe aarde as die Nuwe Jerusalem (Openbaring 20:11 – 21:2). En God in Christus sal by die gelowiges op die nuwe aarde bly (Openbaring 21:3).

Voor Christus se wederkoms

Alle gelowiges word 'die Hemelse Jerusalem' genoem (Galasiërs 4:21-31; Hebreërs 12:22-24; 13:14). Reeds in die Ou Testament word hulle simbolies 'die bruid van God' genoem (Jesaja 62:5) en 'die vrou van God' (Jesaja 54:1,5-6,11). In die Nuwe Testament word hulle ook simbolies genoem 'die bruid, die vrou van die Lam' (Openbaring 21:9-10; 2 Korintiërs 11:2-3; Efesiërs 5:25-32).

Na Christus se wederkoms

Alle gelowiges deur die eeue word 'die Nuwe Jerusalem' genoem (Openbaring 21:1-2,9-11). Die Nuwe Jerusalem is 'n simbool vir die finale fase van die koninkryk van God op die nuwe aarde ná Christus se wederkoms. Die Nuwe Jerusalem word in pragtige terme beskryf, omdat niks in die heelal so pragtig is as mense wat gemeenskap met die Lewende God beleef nie!

Die Nuwe Jerusalem is tegelyk die ideale en die volmaakte werklikheid.

Voor Christus se wederkoms

Die Nuwe Jerusalem is die ideale situasie wat die mense van God op hierdie aarde moet hê! Dis waarom sommige werkwoorde in die onvoltooide teenwoordige tyd³ geskryf is wat uitbeeld dat dit nou alreeds aan die gang is:

Openbaring 21:1. Die Nuwe Jerusalem is die hele tyd alreeds besig om af te kom (vgl. “U koninkryk kom”, Matteus 6:10).

Openbaring 21:5. Christus is die hele tyd alreeds besig om mense en dinge te vernuwe (vgl. 2 Korintiërs 5:17).

Openbaring 21:6. Christus is die hele tyd alreeds besig om die lewende water te gee aan die wat dors is (vgl. Johannes 7:37-39).

Openbaring 22:2. Die blare van die boom van die lewe genees nou alreeds die nasies (vgl. Matteus 8:16-17).

Na Christus se wederkoms

Die Nuwe Jerusalem is die volmaakte werklikheid van wat die volk van God op die nuwe aarde sal wees! Dis waarom ander werkwoorde in die verlede tyd is:

Openbaring 21:1. Die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan.

Openbaring 21:4; Openbaring 22:3. Daar sal nie meer dood of rou of tranes of pyn wees nie want die ou orde van dinge het verbygegaan. Daar sal nie meer enige vloek wees nie.

Openbaring 21:6. “Dit (die neerdaling van die Nuwe Jerusalem en die nuut maak van alles) het klaar gebeur.” Die voltooide teenwoordige tyd beklemtoon dat al hierdie volmaakte dinge vir ewig sal voortduur. Die ewige God in Christus, “die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde”, waarborg dat hierdie volmaakte werklikheid vir ewig sal duur (Openbaring 21:6).

21:7-8

Vraag 4. Wat beteken dit om te oorwin?

Aantekeninge.

Voor Christus se wederkoms

‘Om te oorwin’ is die verantwoordelikheid en uitdaging vir elke gelowige op aarde! Om te oorwin beteken om onder alle omstandighede in Jesus Christus te bly glo (1 Johannes 5:5) en in Jesus Christus te bly (Johannes 15:5). Dit is om die duiwel en die sondige wêreld nie toe te laat om jou weg te trek vanaf gemeenskap met en diens aan God nie (1 Johannes 2:15-17). Dis om tot die einde van jou aardse lewe daarteen te stry dat jy nie afvallig word van God nie (1 Timoteus 6:11-12; Openbaring 2:4-5). Dis om die ongeregtigheid deurentyd teen te staan. Mense wat nie daarin slaag om te oorwin nie, is ongelowiges want hulle gee voorkeur aan die mag, roem en plesier van hierdie wêreld bo die verlossing in Christus.

Jesus Christus het die wêreld oorwin (Johannes 16:33). Dié wat glo dat Jesus Christus die Seun van God is, sal die wêreld oorwin (1 Johannes 5:5) en ook die Bose (1 Johannes 2:14). Christene sal die satan en sy demone oorwin deur ‘die bloed van die Lam’ (d.w.s. op grond van die soenoffer van Jesus Christus aan die kruis) en deur ‘die woord van hulle getuienis’ (Openbaring 12:11). En hulle sal oorwinnaars wees oor diegene wat teen hulle kom oorlog maak (Openbaring 17:14).

Na Christus se wederkoms

Die gelowiges sal deur Jesus Christus meer as oorwinnaars wees (Romeine 8:37)!

21:12,15,17

Vraag 5. Wat is die betekenis van elke deel van die heilige stad, die nuwe Jerusalem?

Aantekeninge. As Johannes hierdie visioen van die Nuwe Jerusalem beskryf, beskryf hy die muur, die poorte, die fondamente en die strate van die stad. Hierdie dele van die stad is simbole wat die Nuwe Jerusalem beskryf as die gemeenskap van die gelowiges (die Kerk/die Gemeente) vanuit verskillende kante bekyk.

21:12,15,17

Vraag 6. Wat simboliseer die hōe muur?

Aantekeninge. Die groot en hōe muur is vir die beskerming, veiligheid en sekuriteit van die gelowiges (die Kerk/die Gemeente). Die muur is 144 el (in vandag se mate 65 meter) breed. Daar sou dus drie destydse strydwaens langs mekaar op die muur kon ry. Die getal is simbolies: die getal 3 verteenwoordig ‘God’, die getal 4 verteenwoordig ‘die wêreld’, die getal 12 dui op ‘die gelowiges in die Ou Testament (Openbaring 21:12) of in die Nuwe Testament (Openbaring 21:14)’ en die getal 12x12 verteenwoordig ‘volledigheid en volmaaktheid’. M.a.w. die getal 144 kan ’n simbool wees wat dui op die totale verlossingwerk van God in die wêreld gedurende beide die Ou-Testamentiese

³ Die NIV (Engelse vertaling) gebruik tereg die “present continuous tense”.

periode en gedurende die Nuwe-Testamentiese periode. Sy verlossingswerk gedurende die hele wêreldgeskiedenis is volledig en volmaak en dus onaantasbaar en veilig!

Voor Christus se wederkoms

Alle ware Christene is veilig in hulle gemeenskap met die lewende God. Jesus het reeds gesê dat dit onmoontlik is om die uitverkorenes te mislei (Matteus 24:24). Hy't belowe: "Niemand sal hulle uit My hand ruk nie" (Johannes 10:28) en "Nie een van hulle het verlore gegaan nie" (Johannes 17:12)!

Na Christus se wederkoms

Alle ware gelowiges in die God van die Bybel sal vir ewig veilig wees in hulle gemeenskap met God in Christus. "Hulle word nie veroordeel nie" (Johannes 5:24), "hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie" (Johannes 10:28), maar sal die ewige lewe ontvang (Matteus 25:46).

21:12,13,25

Vraag 7. Wat is die betekenis van die 12 poorte?

Aantekeninge. Die 12 poorte simboliseer die toegang tot die gemeenskap of Gemeente (die Kerk) van God. Die name van die twaalf stamme van Israel wat op die poorte geskryf is, dui aan dat alleenlik diegene wat aan die volk van God behoort (gelowiges, Galasiërs 6:14-16; Jakobus 1:1) in die Nuwe Jerusalem sal woon.

Voor Christus se wederkoms

Die poorte word nooit gesluit nie en daar is nog altyd geleentheid om deur geloof in die Gemeenskap of Gemeente van gelowiges in te gaan. Die hekke staan in al vier windrigtings oop en verwelkom die mense van al die nasies in die wêreld (vgl. Jesaja 43:5-7; Matteus 24:14; Openbaring 5:9). Engele bewaak egter die poorte, sodat geen kwaad of ongelowige in die stad sal kan inkom nie (Openbaring 21:27). Ou-Testamentiese mense (gelowiges) soos Abel, Henog, Noag, Abraham, Dawid en Daniël het alreeds deur hul geloof ingegaan (Genesis 15:6; Lukas 20:37-38 en Hebreërs 11). Alle Nuwe-Testamentiese mense wie se klere gewas is in die bloed van die Lam, het ook die reg om in die stad in te gaan (Openbaring 7:14 en 22:14)! Voor jou liggaamlike dood of voor Christus se wederkoms is daar nog steeds geleentheid om in te kom in die gemeenskap van gelowiges (Matteus 7:13-14; Lukas 13:23-30).

By Christus se wederkoms

Die poorte sal toegesluit word en daar sal dan geen verdere geleentheid meer wees om gered te word nie (Matteus 25:10-13; 2 Korintiërs 6:1-2; 2 Korintiërs 13:5)! Dit beteken dat slegs die mense wie se name in die boek van die lewe van Jesus Christus opgeskryf is, in die Nuwe Jerusalem sal inkom (Openbaring 21:27).

Na Christus se wederkoms

Die poorte sal nooit weer gesluit word nie en dit simboliseer ononderbroke gemeenskap met (en lewe in die teenwoordigheid van) die lewende God op die nuwe aarde.

21:14,19-21

Vraag 8. Wat is die betekenis van die twaalf fondamente?

Aantekeninge. Die 12 fondamente simboliseer die fondament van die Gemeenskap of Gemeente van God. Die name van die 12 apostels van Jesus Christus wat op die fondamente geskryf is dui daarop dat hulle die historiese christelike Kerk gevestig het (Matteus 16:18-19, Handeling 1:8; Efesiërs 2:20; Efesiërs 3:5-6; Openbaring 21:14). Hulle is die oog- en oorgetuies van Jesus Christus, wat die ware fondament van die christelike Kerk is (1 Korintiërs 3:11).

Voor Christus se wederkoms

Die apostels het die fondament van die historiese (geskiedkundige) Kerk gelê deur hulle verkondiging en skrywe van die Nuwe Testament en hulle het mense na Jesus Christus toe en in die Hemelse Jerusalem gebring (die Kerk)(Galasiërs 4:26; Hebreërs 12:22-24). Die edelstene, wat die fondamente versier (Jesaja 54:11-12; Openbaring 21:19-21), is simbole van die veelvuldige wysheid en deugde van God wat die apostels verkondig het (Efesiërs 3:10).

Na Christus se wederkoms

Die gemeenskap of Gemeente van gelowiges (die koninkryk) sal nie wankel nie, want God Sêlf is die Argitek en Bouer van die stad (Hebreërs 11:10; 12:28)!

21:16

Vraag 9. Hoekom is die stad in die vorm van 'n kubus?

Aantekeninge.

(1) Die vorm van 'n kubus.

Die stad het simbolies die vorm van 'n groot kubus, 12 000 x 12 000 x 12 000 "stadia" (el) groot. 12 000 stadia (el) is ongeveer 2 200 kilometer. Die stad is egter *nie 'n letterlike stad* nie en ook is die vorm *nie letterlik* soos 'n kubus (of 'n piramide) nie! Die vorm en die afmetings is alles simbolies.

Die vorm van 'n kubus was vooraf reeds aan ons bekend. Die binneste heiligdom van die tabernakel en tempel van Salomo was in die vorm van 'n kubus (1 Konings 6:20). Gedurende die Ou-Testamentiese periode was hierdie ruimte die Allerheiligste (waarin die ark gebêre was) en beskou as die woonplek van God met al sy heerlikheid (1 Samuel 4:4; 2 Konings 19:15; 1 Konings 8:10-11). In die Nuwe Testament is die Allerheiligste 'n simbool van die hemel, die woonplek van God Self (Hebreërs 9:12, 24).

(2) Die Nuwe Jerusalem in die vorm van 'n kubus.

Voor Christus se wederkoms

'Die Hemelse Jerusalem' (Galasiërs 4:26), as 'die tempel van God' (2 Korintiërs 6:16; Efesiërs 2:22) en as 'die Nuwe Jerusalem' in die vorm van die 'Allerheiligste' in die tempel (Openbaring 21:16) is simbole vir die gemeenskap van gelowiges (die Kerk/Gemeente) in sy ideale vorm as die woonplek van God op die huidige aarde. Die Gemeente (Kerk)⁴ word beskou as die woonplek van God deur die Heilige Gees (Efesiërs 2:19-22)!

Die getal 12 000 is die produk van 3 x 4 x 10 x 10 x 10. Die getal 3 simboliseer 'God' (Matteus 28:19). Die getal 4 simboliseer 'die wêreld' met sy vier windrigtings (Openbaring 7:1). Die getal 12 wys beide na 'God se volk' in die Ou Testament en die Nuwe Testament (Openbaring 21:12,14), en dus die resultaat van God se verlossingswerk in die wêreld en in die ganse geskiedenis. Die getal 10 is 'die volmaakte' getal op aarde (10 maagde of 10 slawe verteenwoordig alle mense, Matteus 25:1; Lukas 19:13) en die getal 10x10x10 is dus 'die absolute en goddelik-volledige getal op aarde' (Eksodus 20:6; Jesaja 60:21-22). Dus, die getal 12 000 x 12 000 x 12 000 is simbolies en vorm die volledige en volmaakte resultaat van die drie-enige God se deurlopende verlossingswerk *in elke geslag* onder al die nasies op aarde! Daardie getal sal bereik word *in elke geslag* (vgl. Romeine 11:4-5). In elke geslag in die geskiedenis sal nie een van die uitverkorenes van God mislei word nie (Matteus 24:24) en sal nie een van die uitverkorenes verlore gaan nie (Johannes 10:28; 17:12)!

Na Christus se wederkoms

'Die Nuwe Jerusalem' (Openbaring 21:1-2) in die vorm van 'n kubus (Openbaring 21:16) is 'n simbool van die gemeenskap van alle gelowiges of Gemeente (die Kerk) in sy finale volmaakte vorm as die woonplek van God op die nuwe aarde, wat vir ewig met die kristalhelder lig van God se heerlikheid skyn (Openbaring 21:3,11).

Die getal 12 000 x 12 000 x 12 000 is 'n simbool en kan die totale, volledige en volmaakte resultaat wees van die drie-enige God se verlossingswerk onder al die nasies op aarde dwarsdeur die ganse geskiedenis van hierdie wêreld! Die getal kan al die uitverkore gelowiges vanaf die skepping van die wêreld tot by die vernuwing van die wêreld verteenwoordig. Die getal 12 000 x 12 000 x 12 000 verteenwoordig:

- "die hele Israel" (Romeine 11:26) of "die volle getal van alle Jode wat in die wêreldgeskiedenis tot geloof in Christus kom" (Romeine 11:12)
- saam met "die volle getal van die heidene" wat in die wêreldgeskiedenis tot geloof in Christus kom (Romeine 11:25)

Hierdie getal sal net vóór die wederkoms van Christus bereik word (2 Timoteus 2:19).

21:22

[Vraag 10. Hoekom is daar nie 'n tempel in die nuwe Jerusalem nie?](#)

Aantekeninge.

Voor Christus se wederkoms

Gedurende die Ou-Testamentiese periode is die tempel beskou as die woonplek van God. Die heerlikheid van God in die wolk deur die dag en die vuur in die nag was gereken om bokant die ark te bly in die Allerheiligste van die tabernakel of tempel (Eksodus 25:22; Eksodus 40:34-38; 1 Samuel 4:4; 2 Konings 19:15). Die glans van die heerlikheid van God was beperk tot die Allerheiligste in die tempel. Maar die profeet Jesaja het al geprofeteer dat God Self die heiligdom sal wees vir diegene wat God vrees (op Hom vertrou) en gehoorsaam (Jesaja 8:13-14).

Na Christus se koms (dood en opstanding)

Die tempel het opgehou om die sigbare simbool van God se woning op die aarde te wees (Johannes 2:19; Handeling 7:44-50; 17:24-25). Die voorhangsel van die tempel in Jerusalem is van bo tot onder in twee geskeur (Matteus 27:51) waarmee gesimboliseer is dat elkeen wat in Jesus Christus glo deur die Heilige Gees direkte toegang tot God het (Efesiërs 2:18; Efesiërs 3:12; Hebreërs 4:14-16). Die Bybelse siening is dus dat daar nie meer heilige plekke of godsdienstige geboue in die hele wêreld is wat nog as 'God se woning' (of 'huis van de Here') beskou moet word nie!

⁴ Die Kerk is nie die kerkgebou nie, maar die gemeentelede!

“God, die Allerhoogste, woon egter nie in geboue wat deur mense gemaak is nie. Soos die profeet dit stel: Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete, sê die Here. Watter soort huis sal julle tog vir my bou of watter plek as my rusplek? Het Ek nie Self hierdie dinge gemaak nie?” (Handelinge 7:48-50; vgl. Handelinge 17:24-25).

Na Christus se eerste koms is die gemeenskap of gemeente van gelowiges (die Kerk) die tempel van God en woon God in hulle deur sy Heilige Gees (1 Korintiërs 3:16; 6:19-20; 2 Korintiërs 6:16; Efesiërs 2:22; 1 Petrus 2:5). En die uitstraling van die heerlijkheid van God is nou sigbaar in die Gemeente (Kerk)⁵ (2 Korintiërs 3:18; Matteus 5:16).

Na Christus se wederkoms

Die situasie sal dan egter omgekeer word. Dan sal God in Jesus Christus die heiligdom of sigbare tempel van die Nuwe Jerusalem wees. Die Gemeente (Kerk) sal in die God woon wat Homself in Jesus Christus geopenbaar het. Dan is Kolossense 3:3-4 nie meer 'n verborge werklikheid nie: “Julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlijkheid deel.” Dit wat Jesaja geprofeteer het, het in vervulling gegaan: God het Self hulle heiligdom geword, waarin hulle woon, waarin hulle beskut word en waarin hulle vir ewig aanbid (Jesaja 8:13-14). En die glans van die heerlijkheid van God sal die hele nuwe aarde oorheers.

21:23; 22:5

Vraag 11. Hoekom is daar geen son, maan of ligte in die nuwe Jerusalem nie?

Aantekeninge. Daar is nie son, maan of ligte in die stad nie, want God Self, in Christus, is hulle lig. Christus word spesifiek ‘die lamp’ van die stad genoem.

Voor Christus se wederkoms

Christus is die lig van die wêreld (Johannes 8:12) want Hy het die onsigbare God sigbaar aan die mense geopenbaar (Johannes 1:4-5; 14:9; 2 Korintiërs 4:6; Kolossense 1:15) en nou deel Hy die regte kennis, die kennis van God wat mense verlos aan die gelowiges mee (Johannes 8:19). Nou is Jesus Christus in die hemel en gelowiges sien Hom met hulle geestesoo.

Na Christus se wederkoms

Christus sal die lig en die lamp vir die Nuwe Jerusalem op die nuwe aarde wees (Openbaring 21:23), want Hy sal deurentyd en sigbaar die volmaakte kenmerke van God aan die gelowiges toon. God is Gees en Hy woon sigbaar tussen die gelowiges op die nuwe aarde deur Jesus Christus. Gelowiges sal Jesus Christus dan ook met die oë van hulle opstandingsliggame kan sien (Openbaring 22:4)!

21:24-27

Vraag 12. Wie is die nasies in die Nuwe Jerusalem en wat bring hulle met hulle saam?

Aantekeninge.

Voor Christus se wederkoms

Baie mense uit alle volke en tale sal Jesus Christus as Here en Verlosser aanneem. Hulle sal deur die oop en smal poort ingaan (Matteus 7:13-14). Hulle sal die rykdom van hulle eie volk inbring in die Hemelse Jerusalem (die wêreldwye Gemeente of Kerk) (Jesaja 60:11) en aansluit by die wêreldwye Kerk (Matteus 24:14; Openbaring 5:9-10). Hulle sal God deur Jesus Christus aanbid en dien deur middel van alle dinge wat goed en moreel-aanvaarbaar is in hulle wetenskap (hul landbou-, mediese - en maatskaplike projekte, ens.), in hulle kultuur (musiek, digkuns, dans, kuns, ens.) en in hulle persoonlike lewe (persoonlikhede, karaktereenskappe, talente, genadegawes, ens.) is.

Na Christus se wederkoms

Wanneer die Hemelse Jerusalem neerdaal as die Nuwe Jerusalem op die nuwe aarde, sal mense uit elke stam, taal en nasie vir ewig deel wees van die gelowige volk van God (die Kerk/Gemeente) op die nuwe aarde. Maar die mense in die gelowige volk van God is nie almal dieselfde nie en sal ook nooit dieselfde wees nie. Daar is en sal 'n groot verskeidenheid van gelowige mense wees asook 'n groot verskeidenheid van prag op die nuwe aarde! Alles wat hulle verwerf het tydens hulle werk, kultuur en persoonlike lewe op die aarde wat die vuur toets van die laaste oordeelsdag deurstaan het (Matteus 3:11-12; 13:40-43; 1 Korintiërs 3:12-15; 2 Petrus 3:10) sal met hulle saamkom in die Nuwe Jerusalem. “Alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is - watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees - (Filippense 4:8), “alles wat uit God en deur God en tot God gedoen is (Romeine 11:36; Johannes 15:5) sal nie tevergeefs wees nie (1 Korintiërs 15:58) en sal hulle in die Nuwe Jerusalem in volg (Openbaring 14:13)! Dink aan die ontelbare getal van mooi individuele karakters; dink aan die baie mense wat voorheen verlore was en nou gered is uit elke volk, stam, taal en nasie (Openbaring 5:9-10), dink aan die wetenskap, vaardighede, musiek, liedere, kuns, geskrifte en alle soorte werk wat God verheerlik. Niks wat

⁵ Die Kerk is nie die kerkgebou nie, maar die gemeentelike wêreld!

onregverdig of goddeloos is sal egter ooit in die Nuwe Jerusalem inkom nie (Openbaring 21:27). Alleen diegene wie se name geskryf is in die boek van die Lewe van die Lam, sal vir ewig op die nuwe aarde woon (Openbaring 20:15).

22:1

Vraag 13. Wat is die betekenis van die rivier met water wat lewe gee?

Aantekeninge. Die huidige fisiese hemel, aarde en see sal heeltemal verander word van wat hulle nou is (Romeine 8:21; 2 Petrus 3:10). Die heelal gaan glansryk vernuwe word. In plaas van die “see” wat bedreig, sal daar ’n “rivier met die water van die lewe” wees (Openbaring 22:1) en hierdie verandering simboliseer dat die verhouding van die mens tot die natuur op die nuwe aarde heeltemal herstel sal wees (Jesaja 11:6-9; Esegïel 47:7-12)! Die fisiese skepping of natuur sal presies wees wat God dit oorspronklik bedoel het om te wees (Handelinge 3:21)! Nietemin, die rivier met water wat lewe gee, het hier primêr ’n simboliese of geestelike betekenis.

Voor Christus se wederkoms

‘Die rivier van lewe’ simboliseer die verkondiging van die evangelie van verlossing oor die hele aarde en dit bring die ewige lewe vir die wat daarvan drink (Johannes 4:10,14; Johannes 7:38). Dit vloei van die troon van God en dis ’n simboliese teken dat verlossing die werk van God se genade en liefde is (Efesiërs 2:8-9). Die onvoltooide teenwoordige tydvorm⁶ dui daarop dat dit ’n werk van God hier en nou is voor Christus se wederkoms.

Na Christus se wederkoms

‘Die rivier van die lewe’ simboliseer die volheid en volmaaktheid van die nimmer eindigende verlossing wat God vir sy volk op die nuwe aarde gegee het (Johannes 10:28).

22:2

Vraag 14. Wat is die betekenis van die straat van die Nuwe Jerusalem?

Aantekeninge. Die woorde vir ‘rivier’, ‘straat’ en ‘boom’ is in die oorspronklike taal in die enkelvoud, maar dit kan ook in die Griekse taal ’n versamelnaam wees: ‘riviere’, ‘strate’ en ‘bome’. Dit beteken dat hierdie visioen nie net op een rivier, een straat en een boom wys nie, maar op parke wat bestaan uit rye en rye bome tussen baie riviere en baie strate!

Voor Christus se wederkoms

‘Die strate’ simboliseer die gemaklike toegang tot die troon van God, tot die rivier met water wat lewe gee en tot die boom van die lewe. Elkeen wat dors het, het sonder geld en sonder betaling toegang daartoe (Jesaja 55:1-2). Jesus sê, “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.” (Matteus 11:28).

Die strate is van suiwer goud, soos deurskynende glas, wat die volmaakte en openhartige manier simboliseer waarop mense tot God kan nader (Johannes 3:19-21; Johannes 8:12) en ook hulle volmaakte en deursigtige gemeenskap met God (1 Johannes 1:5-7). Daar is glad nie ’n esoteriese (geheime, mistieke, alleen vir die ingewydes) benadering tot die God wat Homself in Christus in die Bybel openbaar nie!

Na Christus se wederkoms

‘Die strate’ dui steeds daarop dat dit maklik is om toegang te verkry tot God op die troon, tot die rivier met die water wat lewe gee en tot die boom van lewe. Maar nou het hulle geloof in die Onsienlike God oorgegaan in ’n sigbare werklikheid en ervaar hulle die ewige lewe as ’n werklikheid!

22:2-3a

Vraag 15. Wat beteken die boom van die lewe?

Aantekeninge.

Voor Christus se eerste koms

Die boom van die lewe was ’n werklike boom in die tuin van Eden êrens in die Midde Ooste, wat Adam en Eva vir ewig kon laat lewe het, as hulle God sou gehoorsaam het. Maar nadat hulle in sonde geval het, het God hulle weggestuur uit die tuin uit, sodat hulle nie vir altyd sou bly lewe as slawe van die sonde en die dood nie (Genesis 2:9; 3:22, 24). Op hierdie huidige aarde het geen enkele mens toegang tot so ’n paradys (tuin) nie. Almal het gesondig (Romeine 3:23). Almal is van nature geestelik dood, almal sal eenmaal liggaamlik moet sterf en almal sal die ewige dood (die hel) beërwe tensy Jesus Christus hulle red. Dus, voor die eerste koms van Jesus Christus (2000 jaar gelede) was alle mense alreeds uit die paradys met die boom van die lewe uitgesluit!

Voor Christus se wederkoms

‘Die boom van die lewe’ en sy blare wat tot genesing van die volke dien simboliseer die heilsame invloed van die evangelie, die oorvloed wat verlossing en genesing van God bring vir liggaam en siel, nou in die huidige tyd in die

⁶ Engels: present continuous tense

ideale werklikheid van die Kerk. Voor Christus se wederkoms het mense in alle nasies steeds behoefte aan fisiese genesing, geestelike genesing, emosionele genesing en ewige genesing! Maar *die tydelike genesing* op hierdie aarde is nie dieselfde as *die ewige genesing* op die nuwe aarde nie!

Na Christus se wederkoms

‘Die boom van die lewe’ simboliseer die volledige en volmaakte genesing wat alle gelowiges in Jesus Christus op die nuwe aarde besit. Hulle kry nooit meer nodig om blare vir genesing te gebruik nie. Alle gelowiges bly vir altyd deur God geseënd. Hulle gees (siel) sal heeltemal versadig wees. Al hulle behoeftes sal vervul wees. Hulle sal met onbeskryflike blydskap op die nuwe aarde woon.

Op die nuwe aarde sal die paradys (die tuin) binne in die Nuwe Jerusalem wees! En die boom (of parke, bosse, bome) van die lewe sal in die paradys wees. En elkeen wat deur Jesus Christus oorwin het, sal die reg hê om vir ewig van die boom van die lewe te eet (Openbaring 2:7). Hy sal geestelik, fisies, emosioneel en ewig lewe (1 Korintiërs 15:42-44)! Die vrugte wat die boom (of bome) van die lewe maandeliks dra, waarborg die voortdurende oorfloed van seëninge en die volmaakte ewige lewe op die nuwe aarde. “Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie”(Openbaring 22:3)!

22:3b

Vraag 16. Wie sit op God se troon?

Aantekeninge.

Voor Christus se wederkoms

God se koninkryk is die koningskap of soewereine heerskappy van God oor elkeen en elke ding, van ewigheid tot ewigheid (Psalm 93:1-2; Psalm 145:13; Psalm 146:10; 1 Timoteus 6:15). In besonder is God se koninkryk die koningskap of soewereine heerskappy van God deur Jesus Christus (Matteus 28:18; Johannes 13:3; Efesiërs 1:20-22; Filippense 2:9-11; Kolossense 1:15-20; Openbaring 1:5; 17:14; 19:16). Die koninkryk is gebaseer op die voltooide verlossingswerk van Christus (Matteus 21:39,42-43; Handeling 2:36) en die toepassing van daardie werk in die gelowiges deur die Heilige Gees (Romeine 14:17). Hierdie koninkryk (koningskap) word erken in die harte van gelowiges en is deurlopend aan die werk in hulle lewens (Lukas 17:20-21; Matteus 25:34-40).

Die koningskap van God het ’n uitwerking op vier gebiede:

- Die koningskap van Jesus Christus bring volledige verlossing van gelowiges van begin tot end tot stand (Markus 10:25-26; Johannes 3:3-8; 1 Korintiërs 6:9-11)
- Die koningskap van Jesus Christus maak alle gelowiges tot één Kerk/Gemeente op aarde (Matteus 16:18-19; Efesiërs 1:20-23; 1 Petrus 2:4-5,9-10)
- Die koningskap van Jesus Christus maak dat gelowiges in elke aspek van die menslike samelewing goeie werke doen (invloed het) (Matteus 25:34-36; Efesiërs 2:10; Filippense 2:12-13; Romeine 14:17).
- Die koningskap van Jesus Christus verander uiteindelik die teenwoordige heelal tot die verlore heelal en bring so by die wederkoms van Christus die nuwe hemel en die nuwe aarde tot stand (1 Korintiërs 15:24-26; 2 Petrus 1:11; Openbaring 11:15).

Na Christus se wederkoms

God se koninkryk op die nuwe aarde sal volmaak wees en sal God se koninkryk wees in sy finale volmaakte fase (Matteus 25:34; Johannes 25:34; 1 Korintiërs 15:23-28; Openbaring 11:15-18). Die uitdrukking: “Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook Self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles” (1 Korintiërs 15:28) beteken dat Jesus Christus se Middelaarswerk in die heilsgeskiedenis op aarde eers by sy wederkoms voltooi is en dat Hy dan die taak wat aan Hom toevertrou was, weer aan die Vader terug sal gee. Filippense 2:9-11 beskryf *die begin* en 1 Korintiërs 15:24-28 *die einde* van die Middelaarskap van Jesus Christus. Die koningskap of soewereine heerskappy van Jesus Christus as Middelaar tussen God en die mense op die huidige aarde word eers by sy wederkoms voltooi.

Die ewige koninkryk of koningskap van (die Drie-enige) God begin eers na Christus se wederkoms. Maar Jesus Christus bly saam met God die Vader op sy troon regeer in alle ewigheid (2 Samuel 7:13; Jesaja 9:7; 2 Petrus 1:11; Openbaring 22:1,3)! Dan het die onderskeid tussen die funksies van God die Vader en God die Seun tot ’n einde gekom.

Ná die wederkoms van Christus praat die Bybel alleen van die volledige eenheid van God die Vader en God die Seun:

- “Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).
- “’n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam (Openbaring 21:22).
- “God en die Lam is sy lig” (Openbaring 21:23).
- “En die troon van God en van die Lam” sal in die Nuwe Jerusalem wees (Openbaring 22:1,3).

22:4

Vraag 17. Hoe sal gelowiges God se aangesig sien?

Aantekeninge. Die heerlikheid van God word sigbaar in Jesus Christus.

Voor Christus se wederkoms

Jesus Christus is die (sigbare) beeld van die onsigbare God (Kolossense 1:15), die (sigbare) uitstraling van God se heerlikheid en die presiese verteenwoordiging van sy Wese (Nederlandse vertaling: die (sigbare) afdruk van sy selfstandigheid) (Hebreeërs 1:3; vgl. Johannes 1:14). “Wie Jesus sien God die Vader” (Johannes 14:9).

Na Christus se wederkoms

Jesus Christus sal in alle ewigheid die sigbare beeld van die onsigbare God wees en gelowiges sal in Jesus se aangesig kan sien wie God werklik is. Gelowiges sal met God omgaan deur Jesus Christus. Hulle sal in die teenwoordigheid van Jesus Christus direk met God gemeenskap hê. Hulle sal leef, dien en regeer in sy onmiddellike nabyheid (Openbaring 22:3-5).

22:5

Vraag 18. Wat gaan gelowiges op die nuwe aarde doen?

Aantekeninge.

Voor Christus se wederkoms

Gelowiges op die huidige aarde het twee belangrike opdragte gekry:

- Die kulturele opdrag. Hulle moet die aarde vul met mense wat na God se beeld geskep is; die aarde onderwerp en bewaar en oor die skepping heers (Genesis 1:26-28).
- Die groot opdrag. Hulle moet uit alle volke mense tot dissipels van Jesus Christus maak (Matteus 28:19).

Na Christus se wederkoms

Gelowiges sal op die nuwe aarde waarskynlik hulle oorspronklike kulturele opdrag bly uitvoer. Hulle sal as konings heers oor God se pragtige fisiese skepping tot in ewigheid (Openbaring 22:5). En hulle sal God dien (Openbaring 22:3).

Vraag 19. Wat dink jy is die betekenis van Openbaring 21 en 22 vir jou lewe as Christen?

Aantekeninge. Openbaring 21 en 22 help my om 'n antwoord te kry op die vraag, “Waar gaan ek heen?” Ek is oppad om Jesus Christus by sy wederkoms te ontmoet. By my liggaamlike dood sal my menslike gees by Jesus in die hemel wees en aan Jesus Christus gelyk word (1 Johannes 3:1-3). En by die wederkoms van Jesus sal my aardse liggaam uit die dood opstaan en aan die verheerlikte liggaam van Jesus Christus gelyk word (Filippense 3:21). Dan gaan ek vir ewig met my gees en liggaam woon in God se teenwoordigheid, Hom aanbid en dien en saam met Hom heers oor die nuwe aarde. Ek het verseker 'n wonderlike en hoopvolle toekoms!

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE GEDEELTE IS VAN TOEPASSING OP CHRISTENE VANDAG?

Deel en teken aan. Kom ons hou 'n dinkskrum en skryf moontlike toepassings van Openbaring 21:1 – 22:6 neer.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS IN JOU LEWE?

Teken aan. Skryf hierdie persoonlike toepassing in jou notaboek. Neem die vrymoedigheid om jou persoonlike toepassing met andere te deel.

(Onthou dat die persone in elke groep verskillende waarhede sal toepas of selfs ander toepassings sal maak van die dieselfde waarheid. Die volgende is a lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings van Openbaring 21:1 - 22:6.

21:1-3. Sien met verwagting uit na die wederkoms van Christus, wanneer die volmaakte nuwe hemel en aarde 'n werklikheid sal word.

21:4. Onthou dat al my huidige trane en swakheid van my liggaam net tydelik is. Die volmaakte werklikheid lê voor!

21:7-8. Word 'n gelowige mens wat oorwin!

21:16. Soek net na een ding: om al die dae van jou lewe in God se teenwoordigheid te leef en na te dink (mediteer) oor God se wonderlike eienskappe, woorde en dade (Psalm 27:4).

21:17. Twyfel nooit dat Jesus Christus jou as 'n hoë muur beskerm nie (Johannes 17:12).

21:18-21. Maak die ryk verskeidenheid van God se wysheid aan ander bekend (Efesiërs 3:10; Jakobus 3:17).

- 21:22. Beskou alle persone in hierdie wêreld, wat in Jesus Christus glo, as deel van die een tempel van God waarin God deur sy Heilige Gees woon (Efesiërs 2:22). Maar verwag dat God Self in Christus ons finale heiligdom sal wees (Jesaja 8:13-14).
- 21:23. Leer die lewende God beter ken deur Jesus Christus te bestudeer (2 Korintiërs 4:6).
- 21:25. Vertel mense dat die poorte van die koninkryk van God (d.w.s. die deure van die wêreldwye Kerk/Gemeente) nog steeds wyd oop staan. Ons leef nog steeds in die genadetyd van God (vgl. Lukas 4:17-21)!
- 21:26. Wat jy ook al doen (studies, loopbaan, verhoudings, ens.), moet jy so doen asof jy dit vir Jesus Christus doen (Kolossense 1:16; Kolossense 3:17).
- 21:27. Breek met alle onrein, vals en losbandige praktyke.
- 22:2. Laat God die wonde en pyn uit jou verlede genees.
- 22:3. Leef soos Jesus Christus op hierdie aarde, deur te dien en nie om gedien te word nie (Markus 10:45).
- 22:3 Rig jou op die troon van God en die Lam. Rig jou op die dinge wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit en nie op die dinge wat op die aarde is nie (Kolossense 3:1-4). Groei in geloof en liefde en in hoop (Hebreërs 6:11-12; 10:23)!

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Openbaring 21:1 – 22:6.

Ek wil nie vergeet dat ek ook 'n vreemdeling en bywoner op hierdie aarde is nie en dat my ware burgerskap in die Hemelse Jerusalem is. Die wete sal my help om nie deur die dinge van hierdie wêreld vasgevang te word nie. Ek wil vir my skatte bymekaar maak in die hemel i.p.v. op hierdie aarde (Matteus 6:19-21; Kolossense 3:1-4).

Ek wil alreeds op hierdie aarde besig wees met die dinge wat ek op die nuwe aarde sal gaan doen. Dit gaan veral oor gemeenskap met God, aanbidding van God, om God te dien en om mense, en eerlike en heerlike dinge, in die koninkryk van God in te bring. Ek wil God se koninkryk soek (Matteus 6:33)!

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE OM TE BID OOR EEN WAARHEID WAT GOD ONS GELEER HET in Openbaring 21:1 – 22:6. (Reageer in jou gebed op wat jy in hierdie Bybelstudie geleer het. Oefen om slegs een of twee sinne te bid. Onthou dat mense in elke groep oor verskillende sake sal bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDER MENSE
---	------------------	--------------------------------------

Gaan voort om te bid in groepies van twee of drie. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit of laat hulle dit neerskryf.

- Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie uit Openbaring 21:1 – 22:6 met iemand anders of met 'n klein groepie mense en onderneem om een van die moontlike toepassings in jou lewe toe te pas.
- Persoonlike tyd met God. Hou elke dag stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Johannes 7:53 – 11:37. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
- Memorisering. Oordink die nuwe Bybelvers en leer dit uit jou kop. (5) Versekering van God se leiding: Spreuke 3:5-6. Repeteer/herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy gememoriseer het.
- Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
- Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor stiltetyd, memorisering, bybelstudie en hierdie opdrag.